

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 17

17 Mei 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

RUGBYPROEWE
Baie geluk aan Juwan Wium wat vandag aan die 3de rondte van die OP-proewe in Despatch deelneem. Na afloop van vandag se proewe, gaan hulle die spanne kies wat aan die finale proewe in Bloemfontein gaan deelneem. Ons hou vir hom duim vas!

LEERLINGVEILIGHEID
Ons doen ‘n beroep op ouers om, wanneer u u kind by die skool kom afhaal (bv. na sport), asseblief te verseker dat die hek waar hul uitgaan, toe is. Ons het juis die omheining, hekke, ens. opgerig vir die veiligheid van ons leerlinge.

JUNIE-EKSAMEN 2019
Die Junie-eksamen begin amptelik Vrydag, 24 Mei met die
Graad 7- leerlinge wat hul eerste vak skryf. Die leerlinge van Graad 4 tot Graad 7 se werk waaroor hulle eksamen skryf, sal Maandag op die D6-skoolkommunikeerder verskyn. Sorg asseblief dat hulle solank hersiening begin doen. Elke toets of taak is belangrik en hulle sal definitief skouer aan die wiel moet sit!

Ons wil almal graag alle voorspoed met die Junie-eksamen toewens. Mag elke leerling die resultate kry wat hy/sy verdien. Indien ‘n leerling gedurende die eksamen afwesig is, **moet hulle ‘n doktersertifikaat verskaf**, anders kan **geen** punt vir die vraestel wat geskryf word toegeken word nie.

SKOOLTYE VANAF 27 MEI – 7 JUNIE 2019
Neem asb. kennis dat die skool vanaf **27 Mei tot 6 Junie om 13:00** sal verdaag. **Die skool sluit egter Vrydag 31 Mei en 7 Junie normale tyd – 12:35.** Hierdie tye is van toepassing op Graad R tot Graad 7.

TENNIS: MUSIC TRIVIA
Soos u reeds weet, het ons Tennis Music Trivia se datum na Saterdag, 8 Junie om 18:00 vir 18:30 verander en sal steeds in ons skoolsaal plaasvind.

Hierdie geleentheid, wat belowe om vol pret en pryse te wees, dien as fondsinsameling vir ons jaarlikse tennistoer sowel as ligte en toerusting vir die bane. Meer inligting sal binnekort aan u op ons D6-skoolkommunikeerder sowel as ons Facebook-blad deurgegee word.

PARKERING
Ons doen ‘n beroep op alle ouers om nie voor die motorhek by die skool se motorhuise te parkeer nie. Die onderwysers / nasorg kan dikwels nie die bussies parkeer in die motorhuise nie omdat daar motors voor die hek geparkeer staan. Ons waardeer u samewerking in hierdie verband.

BLOEDSKENK
Ons is reeds verby die halfpadmerk van die kwartaal. Onthou asseblief van ons bloedskenkprojek wat ons die hele jaar ondersteun. U kan vier keer per jaar bloed skenk. Voltooi die bewys dat u geskenk het en stuur dit skool toe. Daar sal by die junior sportdag, 8 Junie ‘n geleentheid wees om by die skool bloed te skenk. Die uitslae is op D6 geplaas.

RAFI’S WINTER WARMERS
Ons ondersteun graag “Rafi’s appliances & mattresses” met hul poging om 5000kg klere en komberse vir behoeftiges gedurende die winter in te samel. Enige klere en komberse kan na Mev. Campher gestuur word waar ons dit na Rafi’s sal neem om geweeg te word. Die skool wat die meeste insamel, kan ‘n 14kg Bosch wasmasjien vir hul skool asook ‘n wasmasjien vir die instansie van hul keuse wen.

TROLLEY DASH
Ons gaan saam met die rapporte vir elke kind ‘n “trolley dash”-boekie gee om te verkoop. Ons wil graag voorsiening maak vir ekstra boekies. Dui asseblief aan op die brief in die verband, die aantal ekstra boekies wat u wil verkoop. Daar is ‘n 30-sekonde “trolley dash” vir die kind wat die meeste kaartjies verkoop. Die wen-klas word met pizza beloon. Baie dankie vir ywerige deelname aan die projek.

KULTUURAAND SAAM MET NATASHA JOUBERT: KAARTJIES EN LEË KOSBLIKKIES
Kaartjies vir ons kultuuraand saam met die bekende sangeres, Natasha Joubert, vir Woensdagaand, 12 Junie 2019, te Laerskool Newtonpark se skoolsaal, is steeds by Mev. Laas in die kantoor en gasvrouens teen R60 per persoon beskikbaar. Ons wil ook vra dat indien u leë, gewaste kosblikkies (bv. KOO) vir ons kan stuur, u dit by die kantoor sal inhandig – ons beoog om die tafels daarmee op te tof.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se naam en van verskaf.

'n Bewys van betaling moet per e-pos gestuur word na fin@lnpark.co.za

KRY KORTING OP SKOOLGELDE

Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2019, sal 'n 5% korting toegestaan word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

'n Uitgetrapte paadjie is nie noodwendig die regte een nie. – Anoniem

Waar passie en vaardigheid saamwerk, kan jy 'n meesterstuk verwag. – John Ruskin

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:

Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 20 Mei	:	Klerewinkel: **07:30-12:00** **Musiekeksamen** Kuns graad R – 2 **13:30-14:30** Kuns graad 3 **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7 **14:15-15:00**
Di – 21 Mei	:	**Musiekeksamen** Kuns graad R – 2 **13:30-14:30** Kuns graad 3 **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7 **14:15-15:00** Skaak: graad 1 – 2 **13:30 – 14:15 (laaste)** Skaak: graad 3 – 7 **14:20 – 15:15 (laaste)**
Wo – 22 Mei	:	Klerewinkel: **12:00-14:30** **Musiekeksamen**
Do – 23 Mei	:	**Musiekeksamen** Media: biblioteekboeke inhandig Dance Kids ballet graad R: **13:15**

Vr – 24 Mei : Klerewinkel: **07:30-12:00**
EKSAMEN: NW/Teg graad 7
Musiekeksamen
Eko-Newtons
Drama graad R – 2: **12:45-13:30**
Drama graad 3 – 7: **12:45-13:45**

Sa – 25 Mei : Verkenner (Moolman) sportdag: Netbal & Rugby: 0/7, 0/8 & 0/9

SPORT & KULTUUR

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
13 Mei	0/13A	Parsons Hill	LNP wen 15 – 3 Speelster van die wedstryd: Chloë Erasmus
13 Mei	0/13B	Parsons Hill	LNP wen 3 – 2 Speelster van die wedstryd: Karla van Rooyen
13 Mei	0/12A	Parsons Hill	LNP wen 14 – 0
13 Mei	0/12B	Parsons Hill	LNP wen 10 – 0
16 Mei	0/11A	Parsons Hill	Gelykop 2 – 2
16 Mei	0/11B	Parsons Hill	Gelykop 2 – 2
16 Mei	0/10A	Parsons Hill	LNP wen 13 – 0
16 Mei	0/9A	Parsons Hill	LNP wen 10 – 0 Speelster van die wedstryd: Isabel Kühn

RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
15 Mei	0/13A	Walmer Wes	LNP wen 32 – 7
15 Mei	0/11A	Môrewag	LNP wen 15 – 0 Speler van die wedstryd: Jaundré Gouws
15 Mei	0/9A	Altona	LNP verloor 0 – 32

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
14 Mei	Junior A	Charlo A	LNP wen met 4 potte
14 Mei	Junior B	Mount Pleasant	LNP verloor met 11 potte

SUNRIDGE VILLAGE 5 KM FUN RUN
Die onderstaande leerders het Saterdag, 11 Mei 2019 aan die 5km Sunridge Village Fun Run deelgeneem en het medaljes vir hul deelname ontvang:

- Britney Norris – graad 1L
- Nathan Norris – graad 2C
- Dillon van der Mescht – graad 5Z (silwer medalje)
- Roshaan Wolmarans – graad 6E

Baie geluk!

RITMIESE GIMNASTIEK: IBAYI KLUB-KOMPETISIE
Emma Gough in graad 2R het op Saterdag, 4 Mei aan die Ibhayi Ritmiese Klub kompetisie deelgeneem en vir Vlak 1 – (0/8) : Free dance and rope, 'n brons medalje ontvang.

OOS-KAAPSE RITMIESE GIMNASTIEK: DISTRIK PROEWE
Emma Gough in graad 2R, Niki Maartens in graad 6E en Chanté Kotze in graad 7E, het op Saterdag, 11 Mei aan die Oos-Kaap Distrikproewe (2) deelgeneem en soos volg presteer:

Chanté Kotze : Vlak 9 (0/13) - Silwer medalje
Niki Maartens : Vlak 4 (0/11) - Silwer medalje
Emma Gough : Vlak 1 (0/8) - Silwer medalje

Emma het met haar bostaande prestasie ook gekwalifiseer om aan die Distrik-kompetisie, wat in Junie plaasvind, deel te neem.

Baie geluk!

MNR. EN MEJ. NEWTONPARK

BAIE DANKIE AAN ALMAL WAT DEELGENEEM HET
JULLE WAS PRAGTIG!!
BAIE GELUK AAN AL DIE WENNERS!!

	WENNER	1STE PRINS/ES	2DE PRINS/ES
MINI MEJ. NEWTONPARK	Evanthia Camarinos	Bella-Yia Camarinos	Nina Latham
MINI MNR. NEWTONPARK	Owen Barnard	Danie Myburgh	Logan van Wyk
JNR MEJ. NEWTONPARK	Mikayla Shoultz	Kayla de Coning	Miané Strydom
JNR MNR. NEWTONPARK	Jaco du Plessis	Enrico Meyer	Dain Strydom
MEJ. NEWTONPARK GRAAD 7	Chanté Kotze	Karla van Rooyen	Lara Nell
MNR. NEWTONPARK GRAAD 7	Reinhardt Welman	Juwan Wium	Henry Greeff